# OMSENDBRIEF 1

17/01/2024

Goed • Beter • BoEriEs

## WELKOM:

Welkom aan al die nuwe Boeries wat by ons aangesluit het.

Ons verwelkom graag die volgende personeel:-

Opvoeders:
Me Monique Pieterse (Gr 3), Maretha Theron (Gr 2), Corene Boyens (Eng Gr 5), Esté Els (Boerieklas) en Anke Jansen van Rensburg (Gr 1)
Opvoeder Assistente:
Louise Coertzen (Gr R), Zenobia Botha (Gr R), Irina Els (Gr 1), Charlize du Rand (Gr 4-7) en Bianca van Niekerk (Gr 4-7)
Nasorgsentrum Assistente:
Me Danté du Toit en Me Jolien de Ridder



## DAGBOEKE:


Graad 1 tot 7 VERPLIGTE skooldagboek te koop by registeropvoeder teen R75.

## SKOOL- EN HEKTYE:

Geen leerder sal vroeër uitgeteken word sonder VOORAF goedkeuring deur die skoolhoof op BF21-vorm:
(d6 Connect > Bronne > BF 21 Uittekenvorm)

Reël asb. vooraf met u kind waar u hulle optel in die middae.
As die skool verdaag het, kan die kantoortannies nie kinders gaan soek nie.
Kontak die kantoor vroegtydig sou daar 'n verandering wees.
KONTAK DIE KANTOOR INDIEN U KIND GAAN LAAT WEES VIR SKOOL!

Hekke open daagliks om 6:45 en skool begin stiptelik om 7:20 en leerders verdaag as volg:



- Graad RR en R daagliks om 13:15
- Graad 1 en 2 daagliks om 13:15
- Graad 3 Ma. tot Do. 13:30 en Vr. om 13:15
- Graad 4 tot 7 daagliks om 13:30

## LIEF EN LEED:

Ons is jammer om te verneem van die afsterwe van Ewald van Aswegen se pappa gedurende die skoolvakansie. Ons dink aan die gesin, veral vandag met sy begrafnis. Mag die Here julle vertroos en styf vashou!

## WOLKSKOOL:

Hierdie is 'n wonderlike hulpbron vir Graad 1 tot 7 leerders wat die skool vir ouers GRATIS beskikbaar stel.
Instruksie-video word binnekort gestuur per d6 Connect en e-pos.


Laerskool Boerefort | www.boerefort.co.za | d6 Laerskool Boerefort

De Beerstraat 325, Wonderboom-Suid, 0084 | 0123352841

Algemeen: boeries@mweb.co.za
Gr 1-7 Finansies (Wendy): boeries.fin@mweb.co.za
Gr R Rekeninge (Linda): boeries.rek@mweb.co.za
Admin (Charlene): boeries.adm@mweb.co.za
Admin (Sunet): boeries.ontv@mweb.co.za
Nasorgsentrum (Adri): boeries.naskool@gmail.com

## SKOOLKLERE/VOORKOMS:

Sien volledige uiteensetting in skooldagboek/propektus/webblad.

DOGTERS:

Skoene: Standaard swart met een bandjie oor voetbrug of standaard swart rubbersool / toerygskoene. Somer opsioneel.

Kouse: Kort groen of wit sokkies

Trui: Bottelgroen skooltrui / pull over / Dri-Mac baadjie

Serpe: In die winter, slegs wit of bottelgroen

Drag: Somer: Geruite broekrompie en gholfhemp

Winter: Grys langbroek (nie sweetpakbroek nie) met wit langmou hemp

SEUNS:

Skoene: Standaard swart rubbersool toerygskoene. Somer opsioneel

Kouse: Grys kniekouse

Broek: Standaard gordlose grys wasbare kortbroek in die somer.

Grys wasbare langbroek + swart gordel in die winter (nie sweetpakbroek)

Hemp: Somer: Grys kortmouhemp.

Winter: Grys langmouhemp.

Trui: Bottelgroen skooltrui / pull over / Dri-Mac baadjie


## SPOGNUUS:

Ouers is welkom om spognuus aan Me Charlene Strydom te stuur per e-pos. Ons plaas dit graag in die omsendbrief: boeries.adm@mweb.co.za.

Joshua Nordier het eerste plek gekry in Mnr Junior Klub Lekkerrus op 30 Desember 2023. Dit is sommer net baie lekker en opbeurende nuus om te deel so met die aanvang van die nuwe skooljaar!

Laerskool Boerefort kan voorwaar spog met pragtige kinders! Baie geluk, Joshua!







## BETALINGS:

Ons doen 'n dringende beroep op ouers om asb. so ver moontlik alle kontantbetalings te vermy.

Die volgende opsies is beskikbaar:

- Debietorder
- Kaartfasiliteite
- Direkte bankinbetaling of EFT

Die risiko aan kontanthantering raak groter.

## SKOOLGELDE:

Skoolgeldbrief is uitgestuur. Voltooi en teken asb. skeurbrief en kontrak (asook Graad 1-7 Ja/Nee vorm) en stuur oorspronklike terug na u kind se voogopvoeder.

Slegs Graad RR en R betaal R300 registrasiegeld eenmalig elke jaar met inskrywing.

R14 040.00 per jaar (R1 170.00 x 12 paaiemente)

NB! - Skoolgelde is vooruit betaalbaar oor 12 maande vanaf 1 Januarie tot en met 1 Desember 2024.

Skoolgelde word gehef ongeag die skoolvakansies - u moet steeds dié maande betaal

Indien skoolgelde maandeliks, vooruit, op datum betaal is en die uitstaande balans vir die jaar teen 30 April 2024, is u geregtig op afslag gelykstaande aan een maand se skoolgelde.

# OMGEEWEEK:

Dit is gebruik dat ons aan die einde van die maand nie-bederfbare kruideniers insamel vir ons behoeftige gesinne.
Ons het altyd groot waardering hiervoor.

Hiermee 'n riglyn sou u ons asb. kan help:
Graad RR en R - Suiker/seep
Graad 1 - Koffie/aanmaakkoeldrank
Graad 2 - Smere vir brood/tee/tamatiesous
Graad 3 - Pasta/rys/soppoeier
Graad 4 - Mieliemeel/hawermout/ontbytgraan
Graad 5 - Blikkieskos/toiletpapier
Graad 6 - Olie/boksie melk/tandepaste
Graad 7 - Deoderant/handeroom/sjampoe

Handig in by registerklas.
Omgee-gesinne navrae: Me Chéri Wagner





# VERJAARSDAE:

LEERDERS:

| | |
|---|---|
| Vuthlari Khoza | 20 Januarie |
| Vutomi Khoza | 20 Januarie |
| Olerato Modiba | 21 Januarie |
| Aimee Cotton | 21 Januarie |
| Ziané Joubert | 22 Januarie |
| Zandré van Vuuren | 23 Januarie |
| Marlu Pieterse | 23 Januarie |
| Miané van Aswegen | 23 Januarie |
| Markus Celliers | 24 Januarie |
| Kian Haarhoff | 24 Januarie |
| Dastian Barnard | 25 Januarie |
| Raymond Coetzee | 25 Januarie |
| Jason Kruger | 25 Januarie |

OPVOEDERS:
Geen

ANDER: (Snoepie)
Mnr Kobus Labuschagne 20 Januarie

# BELANGRIKE DATUMS:

Eerste Kwartaalprogram vergesel hierdie omsendbrief.
Let wel, program is wel onderhewig aan verandering - lees asb. elke Vrydag die omsendbrief deeglik deur.



22 Januarie - Nasorgsentrum oudervergadering 18:00
22 Januarie - Atletiekoefening begin
22 Januarie - ~~1ste Span Netbalproewe~~ SKUIF 26 JAN.
23 Januarie - Mini-Netbal demo (Graad R) 13:20-13:40
23 Januarie - Atletiek (weg) te Laerskool Tuinrand
24 Januarie - Mini-Netbal demo (Graad 1) 13:20-13:40
24 Januarie - Ouerinligtingsaand 18:00
26 Januarie - Moontlike o/9 Krieketproewe
26 Januarie - 1ste span Netbalproewe

# INSTAPPIE: GRAAD RR TOT 3

Leerders het reeds briefie ontvang. Stuur asb. skeurbrief terug tesame met R30.


## FOTODAG:

Graad 1 tot 7 word op Woensdag, 24 Januarie, afgeneem (in Somersdrag).

Graad RR en R word op Donderdag, 25 Januarie, afgeneem. Trek asb. mooi aan en pak gerus 'n ekstra stelletjie klere in vir buitespel.

Maats-/Familie-/gesinsfoto's word geneem teen R70 per foto. Dit moet asb. op die betrokke dag betaal word (24 of 25 Januarie). Geen kontant, geen foto.


Laaste dag vir bestelling sal op bestelvorm reflekteer. Begroot asb. - slegs een maandeinde (Januarie) sodat aflewering kan geskied teen einde van die kwartaal.



## GEWONE KLERE:

Graad 1 tot 7 mag gewone klere dra op Vrydae @ R10.

Leerders mag gratis gewone klere dra op hul verjaarsdae. Skoolreëls t.o.v. hare, ens. geld steeds.



## SAAMRYGELEENTHEID:


Saamrygeleentheid word gevra soggens en middae vanaf en na Pretoria-Noord. Indien u kan help, kontak asb. vir Corrie 0826031467.

## ADDISIONELE FONDSINSAMELINGSINISIATIEWE/ HERWINNING:

Gedetaileerde brief vergsel hierdie omsendbrief.


Leerders ontvang skeurbrief per hand. Stuur asb. oorspronklike voltooide vorm terug na voogopvoeder. Ons doen 'n vriendelike beroep op ouers en selfs familie om die skool behulpsaam te wees in dié verband.

MySchool MyVillage MyPlanet
EVERY SWIPE COUNTS




## SLUITKASSIES:

Sluitkassies beskikbaar: R40 per kwartaal of R120 vir die jaar. Kontak asb. Me Linda Minnaar (boeries.rek@mweb.co.za).



## ATLETIEK:

OEFENING:



- Naellope en hekkies:
  Maandae tot Donderdae 13:45-14:20
- Diskus en spiesgooi:
  Maandae en Woensdae 14:50-15:15
- Middelafstande:
  Maandae tot Donderdae 14:20-15:15
- Gewigstoot o/10, Hoogspring o/12 en o/13, Verspring o/11
  Maandae 14:20-14:50
- Gewigstoot o/12 en 0/13, Hoogspring o/11, Verspring o/10
  Dinsdae 14:20-14:50
- Gewigstoot o/12 en 0/13, Hoogspring o/11, Verspring o/10
  Woensde 14:20-14:50
- Gewigstoot o/10, Hoogspring o/12 en o/13, Verspring o/11
  Maandae 14:20-14:50



BYEENKOMSTE:

- 23 Januarie (weg) Laerskool Tuinrand
- 30 Januarie (weg) Laerskool Swartkop
- 1 Februarie (weg) LS Queenswood
- 6 Februarie CLUSTER ATLETIEK